

“Hanghen ende thoeft af slaen”¹: Vorme van geweld in enkele Middelnederlandse tekste

C. JAC CONRADIE

University of Johannesburg, South Africa

Departement Afrikaans
Universiteit van Johannesburg
Posbus 524, Auckland Park 2006
Suid-Afrika
jacc@uj.ac.za

“Hanging and Decapitation”: Forms of Violence in a Number of Middle Dutch Texts

Abstract. After a consideration of what is meant by ‘violence’ (Afrikaans/Dutch *geweld*) in the current sense of the word, a number of instances of violence from the Middle Dutch literature are described with a view to singling out salient aspects of violence. Violence in nature and human reactions to it are looked at with reference to some monsters of the sea described by Adriaen Coenen. Aspects of violence in knights’ tales are considered with *Karel en Elegast* as a model. *Beatrijs* provides some insight into what may count as violence in the courtly sphere. The devil is a source, directly or indirectly, of widespread violence in the miracle play *Mariken van Nieumeghen*. Aspects of the ‘right’ to violence are dealt with in a discussion of acts of violence in the animal epic *Van den vos Reynaerde*.

Keywords: animal epic; courtly love; devil; Middle Dutch literature; knights; sea monsters; violence

1. Geweld

Al is geweld in ’n hoë mate ’n universele verskynsel, neem dit tog verskillende gedaantes aan in verskillende kulture. Na ’n kort uiteensetting van enkele

¹ Le Roux (1980: r. 212).

kenmerke van wat normaalweg onder geweld verstaan word, bekyk ek enkele geweldsinsidente en –situasies in die Middelnederlandse literatuur, dit wil sê Nederlandse geskrifte van ongeveer die twaalfde tot die sestiende eeu.

Die woord ‘*gewelt*’ in Middelnederlands beteken iets anders as wat vandag onder Afr./Ndl. ‘geweld’ en sy Engelse sinoniem ‘*violence*’ verstaan word; die Middelnederlandse woordeboek van Verdam beskryf dit byvoorbeeld onder andere as “macht,” “sovereiniteit,” “legermacht,” “kracht,” “lichaamskracht” en “de vrije beskikking over vermogens,” en pas in laaste instansie as “geweld” (Verdam 1964: 220). Agter Mnl. ‘*gewelt*’ skuil die werkwoord ‘*wouden*,’ in Goties ‘*waldan*’ ‘beheerschen, heersen’ (vgl. Van Wijk 1980). Die bestanddele van ‘geweld’ in die moderne sin van die woord is hier ongetwyfeld aanwesig: fisieke vermoë, met die militêre of politieke sfeer as besondere *locus*.

Van Dale kom nader aan die moderne begrip met “uiting van macht, kracht (bijv.: met geweld van wapenen),” “kracht die met hevigheid, onstuimigheid wordt uitgeoefend” en veral “misbruik van macht, toepassing van het recht van de sterkste” (Geerts en Heestermans 1984: 918). Tipes geweld wat onderskei word, is: “structureel geweld: de als onderdrukkend ervaren macht van de overheid, de staat, de maatschappij”; “seksueel geweld: met name tegen vrouwen en meisjes, aanranding, verkrachting, mishandeling in verband met seksueel verkeer, ongewenste intimiteiten” (Geerts en Heestermans 1984: 918). Oordragtelik is byvoorbeeld ook moontlik: ‘zijn geweten/zijn overtuiging/de waarheid geweld aandoen.’ Die OED beskryf die adjektief *violent* as “involving or using great physical force” en, in aansluiting by Van Dale se “hevigheid” en “onstuimigheid”: “intense, vehement, passionate, furious” (Allen 1992: 1370). Corsini definieer *violence* uit ‘n sielkundige oogpunt as “(t)he expression of hostility and rage through physical force directed against persons or property”; dit is vir die sielkundige “aggression in its most extreme and unacceptable form” (Corsini 1999: 1052). Geweld is egter “usually socially justified in defensive wars or in combating terrorism” en as gedragvorm kan dit ook manifesteer as “(h)armful behavior without hostility or rage,” soos by kinders wat diere vir die pret mishandel (Corsini 1999: 1052).

’n Vraag wat hier gestel kan word, is of geweld uitsluitlik in fisieke terme gedefinieer kan word; die Middelnederlandse voorbeelde waarna gekyk gaan word, suggereer dat dit meestal ’n gemoeds- of geestelike of dan meer-as-fisieke bestanddeel het en dat geweld selfs sonder die fisieke element kan voorkom. Dit hou die moontlikheid in dat daar kultuurverskille in die beleving van geweld kan optree en dat die Middeleeue selfs deur ’n eie vorm van geweld gekenmerk word. Huizinga wy ’n hoofstuk aan “’s levens felheid” in die laat Middeleeue, ’n tyd waarin die kontraste sterker was as nou, asof deur kinders ervaar,

gekenmerk deur ruwe uitgelatenheid, hewige wreedheid, innige vertedering en groot uiterlike vertoon van emosie (Huizinga 1963: 5-10).

Enkele algemene kenmerke van geweld is dan die volgende. Geweld veronderstel 'n willende, bewustelik bedoelende agens, 'n dader wat die vermoë het om die ontvanger te benadeel. Die dader oefen 'n keuse uit: daar is meer as een manier, alternatief of opsie om sy of haar wil in aksie om te sit. Soos Corsini (1999) dit stel: daar is meer konstruktiewe en menslike maniere (as geweld) om woede kwyt te raak. Geweld gaan naamlik tipies gepaard met ekstreme emosie by die dader: vyandigheid, woede, aggressie. Dink ook aan die 'hewigheid' en 'onstuimigheid' waarna verwys is – metafore gebaseer op natuurgeweld.

Die fisieke aard van geweld blyk al uit segswyses soos 'die geweld van die storm/aardbewing/tsoenami,' ens. waar dit oor natuurgeweld gaan. Maar geweld neem veral die vorm van fisieke magsuitoefening aan. As sodanig kan dit gerig wees op persone (byvoorbeeld aanranding), veral vroue (byvoorbeeld verkragting), asook eiendom. Dit word gewoonlik negatief geëvalueer, as onaanvaarbaar beskou. Dis 'n misbruik van mag; ons praat van 'brute' of 'naakte' geweld. Dit is in wese illegitiem; die OED beskryf *violent* as "involving an unlawful exercise of force" (Allen 1992: 1370). Uitsonderings is gevalle van sogenaamde gelegitimeerde geweld, byvoorbeeld defensiewe oorlogvoering en kontaktsport.

Geweld as magsuitoefening kan egter steeds 'n verwoestende uitwerking hê selfs al is dit nie fisiek van aard nie; die Engelse uitdrukking 'Sticks and stones can break my bones, but words will never hurt me' is in dié verband erg misleidend. By voorbeelde van fisieke sowel as woordgeweld word hieronder stilgestaan.

Op die ontvanger of slagoffer het geweld altyd 'n erg nadelige, skadelike uitwerking en dit word deur hom of haar negatief ervaar; die persepsie van benadeling by die slagoffer en dat die bedoelings van die dader kwaadwillig is, speel moontlik 'n sleutelrol in ons begrip van geweld. Die slagoffer se regte kan geskend word; die WAT praat van die "(u)itoeffening van mag *waarby die reg van 'n ander opsetlik geskend word* [my kursivering – C.J.C.]" (Schoonees 1972: 223). En dit kan trauma tot gevolg hê, deur Colman gedefinieer as "(a) physical injury or wound, or a powerful psychological shock that has damaging effects" (Colman 2006: 776). Is die slagoffer afwesig, is daar egter min sprake van geweld. Die ridder Ferguut se weg na 'n kapel word versper deur die skrikwekkende maar roerlose figuur van 'n 'dorper' met 'n hamer in sy hand wat hom nóg antwoord, nóg beweeg, selfs toe Ferguut lostrek en sy arm met hamer en al afslaan en hom met die swaard bykom (sien Rombauts et al. 1982). Dit blyk slegs 'n beeld te wees: "Doe scaemdi hem ende trac achter; / Het doctem herde groet lachter /

Dat hi den man, die niet en leeft / So menegen slach gegeven heft" [Toe het hy hom geskaam en hom teruggetrek. Dit was vir hom 'n groot skande dat hy die man, wat nie geleef het nie, soveel houe toegedien het] (Rombauts et al. 1982: r. 1691-1694).

Nog 'n rolspeler by geweld is die onbetrokke waarnemer – 'n relatief onbelangrike een, behalwe in soverre sy afkeurende houding toekomstige geweld kan verhinder. Dat geweld nie altyd (net) in 'n negatiewe lig gesien word nie, blyk uit 'n opmerking van Van Oostrom dat Maerlant se beskrywing in die *Rijmbijbel* van koning Dawid se wreedheid "zelfs als uitgesproken compliment bedoeld [kan] zijn" (Van Oostrom 1996: 256). Geweld kan selfs humoristies wees. Van Oostrom haal uit die *Historie van Troyen* 'n geval aan waar Astratus in 'n toernooi noodlottig met 'n speer in sy mond gewond word, met die byvoeging: "ic waen diet saghén, / Souder om lachen" (Oostrom 1996: 258).²

Die verhouding dader/slagoffer is ongelyk, asimmetries; eersgenoemde het 'n magsvoorsprong. Van Dale verwys na die "toepassing van het recht van de sterkste." Die situasie verander wanneer die ontvanger ook die vermoë het om die dader te benadeel – dan kry ons geweld teen geweld. Die vraag is of dit dan nog geweld is. Wedersydse geweld tussen sportspanne kan byvoorbeeld selfs as positief – *comme il faut* – ervaar word.

2. Natuurgeweld en teenreaksie

Tipes natuurgeweld – of wat op die eerste gesig na blote natuurgeweld lyk – word in nie-literêre konteks in die 16^{de}-eeuse *Walvisboek* van Adriaen Coenen (1585), 'n Scheveningse viskenner en –verkoper, ensiklopedies beskryf. 'n Wrede en gevaarlike Noorweegse seeslang, byvoorbeeld, haal matrose van hulle skepe af en verslind hulle (vgl. Egmond en Mason 2003: 20). Aan die dader se kwade wil kan nie getwyfel word nie, en dit is hier veral mense se kosvoorraad wat geteiken word. Die graad van gewelddadigheid word subtiel opgevoer deur te wys op die dier se bedreiging nie net vir die fisieke lewensomstandighede van die mens nie, maar selfs die hele maatskaplike orde. Hierdie slang gaan alleen snags – let op die verrassingselement – uit haar gat om kalwers, lammers en varke te verslind: mense se kosvoorraad word geteiken. Verder is die aanvalle op skepe 'n baie slegte teken vir die Koninkryk van Noorweë, want haar verskyning dui altyd op die koms van groot veranderinge, soos dat konings gaan sterf of uit die land verjaag word of dat daarna oorloë gaan uitbreek. Dit is veral die persepsie

² In Van Oostrom se vertaling: "wie het gezien zouden hebben, zouden er denk ik om hebben moeten lachen" (Van Oostrom 1996: 258).

van ’n bedreiging van die mens in sy hele bestaan wat die voedingsgewoontes van hierdie seeslang in geweld omskep.

Geweld is pas geweld as daar menslike (kwade) bedoelings agter steek. Dieswaardvis deurboor skepe en laat baie verdrink. Maar dit is sy antropomorfiëse kenmerke, sy bakkies en die uitdrukking in sy oë, wat opval: “zijn backhuis is seer diepe gelyck een diepe wiel waarmede dat hi vervaert maect de ghene diet ansien ende wechjaecht” [sy bakkies is baie diep soos ’n ingesonke wiel waarmee hy diegene wat dit aanskou bang maak en wegjaag] en hy het “soe vreselycke ooghe” [sulke vreeslike oë] (Egmond en Mason 2003: 44³). Die kop en oë speel ook ’n sleutelrol in die lewe van die Yslandse kragman en voëlvryverklaarde gewelddadige Grettir die sterke in sy konfrontasie met die – baie materiële – spook Glámr (ook al geïdentifiseer met die moeder van Grendel uit *Beowulf* [vgl. Gordon 1968: 100]). “Die kop [van die spook],” vertaal Dekker, “het vreeslik en ontsettend groot gelyk” (Dekker 1964: 54). Wanneer Grettir vir Glámr na ’n hewige worsteling op die grond vasgepen het, kyk hy as die maan ’n keer tussen die digte, voortjagende wolke te voorskyn kom in Glámr se verskriklike rollende oë. Die “gesig van Glámr se rollende oë” (Dekker 1964: 56) en die gepaardgaande vervloeking dat die oë hom altyd sal bybly, sou indirek tot sy dood aanleiding gee. In albei gevalle verhoog die gesig en die uitdrukking van die oë die intensiteit van die geweld deur te suggereer dat daar ’n soort menslike intelligensie en kwade wil agter steek.

Die Cetus-walvis blaas sulke groot wolke water die lug in dat hy selfs skepe tot sink bring (Egmond en Mason 2003: 42). Wat hier opval is egter nie sý geweld nie maar die gewelddadige vangtegniek waartoe dit die vissers bring en die ‘menslike’ vernuf en tegniek waarmee dit gepaard gaan. Hy word met musiek gelok: die vissers speel pragtig op fluite en blaas op trompette. As hy nader kom, word ’n krom instrument met ystertande soos ’n saag in die walvis se rug gegooi. As hy die pyn voel, gaan hy af na die bodem en vryf die instrument nog dieper in die wond in totdat die instromende soutwater hom dood en hy bo dryf. Of Cetus hoegenaamd gewelddadig is, is onwaarskynlik; hy eet niks anders nie as klein vissies wat hy in sy mond lok deur ’n soet reuk uit sy mond te versprei. Ironies genoeg gebruik albei partye iets aangenaams (musiek, ’n aangename reuk) as fatale lokmiddel.

Akoestiese middele word ook as afskrikmiddel – dus gewelddadig – aangewend. Die Pijseter-walvis is volgens Coenen ⁴ bekend vir sy wrede natuur; hy spuit strale water op skepe en bring die grootste en sterkste van hulle

³ Met dankbare gebruikmaking van ’n transkripsie deur Florike Egmond.

⁴ Maar nie volgens hedendaagse navorsing nie, vgl. Egmond en Mason (2003: 44).

tot sink en die seemanne in gevaar van verdrinking (Egmond en Mason 2003: 44). Klankgeweld word teen hom ingespan: die lawaai van trompette en kanonskote skrik hom af.

3. Geweld in die riddertyd

Ridderromans, soos *Karel en Elegast* (Le Roux 1980), lewer 'n eie, dikwels kultuurspesifieke, vorm van geweld op, en talle voorbeelde van geweld teen geweld, of geweld wat aanleiding gee tot geweld. Diewe is byvoorbeeld in dié tyd gewelddadig gestraf: "Men doetse hanghen ende thoeft af slaen / Ofte sterven argher doet" [Hulle laat hulle ophang en onthoof of 'n erger dood sterf] (Le Roux 1980: r. 212-213) ofskoon die woord 'dief' waarskynlik groter misdaad ingesluit het as vandag. Maar dit is veral die tweegevegte wat ons opval. Nadat Eggheric se skuld in die sameswering teen Karel die Grote reeds bewys is, is 'n tweeveg tussen Elegast en Eggheric nog nodig sodat God "na redene en na rechte" kan beslis (Le Roux 1980: r. 1274); Eggheric se straf is dan ook sy gewelddadige dood in die tweeveg. Dit word egter eers geïmplementeer deur 'n dringende gebed deur die "coninc van Vrankrike" (Le Roux 1980: r. 1377). Maar hierdie insident van gewelddadige straf het self 'n religieuse agtergrond; Elegast, in sy gebed voor die stryd, beroep hom immers op Christus se "heilighe vijf wonden / Die ghi ontfinc dor onse mesdaet" [heilige vyf wonde wat u ontvang het as gevolg van ons misdrywe] (Le Roux 1980: r. 1296-1297)⁵ – as 't ware die etiese rugsteun vir die geweld van die tweeveg. Slings wys daarop dat die geregtelike tweeveg as Godsoordeel in die tyd van Karel die Grote in die offisiële wetgewing opgeneem was (Slings 2005: 75). Dit is ook nie die eerste keer in die verhaal dat geweld in diens van die waarheid staan nie: as Karel uitgaan om te steel en die swart ridder ontmoet, en nie een van hulle hulle identiteit wil bekend maak nie, is 'n tweeveg – waarin Elegast die onderspit delf – nodig om die waarheid – minstens gedeeltelik – te laat uitkom.

In die tyd van die Kruistogte is geweld selfs 'n onlosmaaklike onderdeel van die Christelike geloof; Wertheimer praat van "Schwertkult und Kampfkultur als Grundelemente einer militanten Grammatik der Gewalt" [swaardkultus en strydskultuur as grondelemente van 'n militante grammatika van geweld], en verklaar: "jedes Blutbad ist ein Blutbad zur höheren Ehre Gottes" [elke bloedbad is 'n bloedbad tot die hoëre eer van God] (Wertheimer 1986: 125, 126).

Ook geweld teenoor 'n vrou, maar dan teen die agtergrond van gewelds-dreiging, kom in *Karel ende Elegast* aan bod, waar Eggheric sy vrou klap dat

⁵ 'n Verwysing na Christus se verwonding aan die kruis deur 'n Romeinse soldaat.

die bloed loop nadat hy met die beplande aanslag op haar broer Karel se lewe vorendag gekom en sy geen twyfel oor haar gevoelens laat nie: “Mi ware liever vele, / Dat men u hinghe bider kelen, / Dan ic dat ghedoghen soude” [Ek sou veel eerder wou gehad het dat hulle jou aan jou nek ophang as om dit toe te laat] (Le Roux 1980: r. 907-909). Hierdie geweldsinsident staan ironies genoeg ook in diens van die waarheid, deurdat die bloed bewys sou lewer van Eggheric se skuld.

4. Geweld teen ’n hoofse agtergrond

Die rol wat kultuurgebonde sosiale kodes in geweld speel, word geïllustreer deur ’n insident uit *Beatrijs* (Schutte en De Klerk 1991). Nadat Beatrijs se vriend, van wie gesê word dat hy haar “gestade minne toe droeg” [standvastige liefde vir haar gekoester het] haar – op haar versoek – wegneem uit die klooster, beland hulle in ’n veld vol blommetjies in ’n woud. Hy stel dan voor (vra selfs toestemming en verskaf motivering): “[...] lief, waert u ghevoegh, / Wi souden beeten ende bloemen lesen. / Het dunct mi hier scone wesen. / Laet ons spelen der minnen spel” [liefie, as jy wil, kan ons afklim en blomme pluk. Dis vir my baie mooi hier. Laat ons die liefdespel speel] (Schutte en De Klerk 1991: r. 342-345). Op hierdie versoek volg egter ’n lang uitbarsting, waarin sy hom as “dorper fel” (Schutte en De Klerk 1991: r. 346) – ongeveer “lae skurk” – aanspreek: “Soudic beeten op tfelt / Ghelijc enen wive die wint ghelt / Dorperlijc met haren lichame? / Seker, soe haddic cleine scame!” [Moet ek afklim in die veld soos ’n vrou wat skandelik met haar liggaam geld verdien? Dan het ek beslis min skaamte!] (Schutte en De Klerk 1991, r. 347-350). Te oordeel na haar toornige reaksie was dit nagenoeg ’n poging tot verkragting.⁶ Sy voorstel doen haar hoofse sosiale kode geweld aan, maak van haar – volgens haar persepsie, maar natuurlik ook profeties – ’n prostituut. Hy vra om verskoning, sy vergeef hom en wei lank uit oor hoe lief sy hom het, en betreur selfs haar reaksie (Schutte en De Klerk 1991: r. 383-385).⁷ Beatrijs het in die hoofse kultuur grootgeword; sy was “hovesche ende subtijl van zeden” [fyn opgevoed en met beskaafde maniere] (Schutte en De Klerk 1991: r. 19). Die jeugvriend was wel ’n soort ‘ridder op ’n wit perd,’ maar die verwagting was dat hy ook ‘hoofs’ sou optree – dus nie net ’n minnaar van formaat sou wees nie, maar ook “verfynde omgangsvorme” en veral selfbeheersing aan die dag lê (vgl. Schutte en De Klerk 1991: 7).

⁶ Bataille wys op die intrinsieke verband tussen erotisisme en geweld: “In essence, the domain of eroticism is the domain of violence, of violation” (Bataille 1987: 16). Dit gaan daarom “to destroy the self-contained character of the participators as they are in their normal lives,” met “stripping naked” as die deurslaggewende aksie (Bataille 1987: 17).

⁷ Vgl. vir hierdie insident Schutte en De Klerk (1991: 25).

Preutsheid is egter een ding waarvan ons Beatrijs nie moet beskuldig nie, volgens Janssens (1993: 130-131). Waar sy haar minnaar vir die eerste maal buite die klooster ontmoet, is haar terughoudendheid te wyte aan die feit dat sy net haar hemp aanhet – “in hemd, blootshoofds en barvoets” (Janssens 1993: 130) was naamlik die voorgeskrewe manier vir ’n beskuldigde om voor die regbank te verskyn. Pas met die deftige klere aan wat hy saamgebring het, sou sy haar sosiale status as adellike jongvrou herwin.

5. Diaboliese geweld

’n Voorbeeld van geweld met ernstige benadeling, selfs trauma – nie as gevolg van fisieke gebeure nie, maar as gevolg van die slagoffer se persepsies – kom uit *Mariken van Nieumeghen* (Jonckheere en Conradie 1992). As Mariken, op haar priester-oom se aanbeveling om na die dag se inkopies liever nie in die donker huis toe te loop nie maar eerder by sy suster oor te bly, by haar aanklop, val sy aggressief en asof sy Mariken se vriendelike begroeting nie eers gehoor het nie, weg met: “(W)illecome duvel, hoe staget in die helle?” [Welkom, duiwel, hoe gaan dit in die hel?] (Jonckheere en Conradie 1992: r. 64). Sy hou ’n tirade propvol seksuele innuendo’s oor Mariken se sogenaamde maagdelikheid, haar valse preutsheid en engheid, en beskuldig haar van seksuele losbandigheid en selfs van bloedskanie met haar oom (Jonckheere en Conradie 1992: r. 99) – dit alles teen die agtergrond van Mariken se besorgdheid dat as dit nag word, “[...] wort somtijts een maechdeken bespriet ende gewacht, / Onteert, vercracht ...” [word ’n meisie soms bespied en ingewag, onteer, verkrag] (Jonckheere en Conradie 1992: r. 74-75) en die spyt wat die oom gevoel het onmiddellik nadat hy haar laat gaan het: “Tes dwaesheit ionghe meyskens of vrouwen / Alleene te laten gaen achter lande, / Want die boeverie der werelt is menigerhande” [Dis dwaasheid om jong meisies of vroue oral alleen te laat rondloop, want daar is baie boosheid in die wêreld] (Jonckheere en Conradie 1992: r. 43-45). Die niksvermoedende en onskuldige Mariken word die swaarste deur die vals beskuldiging getref: “Sonder schult eest mi te hert om verdragen” [Omdat ek onskuldig is, is dit vir my te erg om te verduur] (Jonckheere en Conradie 1992: r. 97).

Die intensiteit, onredelikheid en onverwagsheid van die tante se uitbarsting, vererger deur die feit dat dit ’n ouer persoon en familielid is en een met wie sy via haar oom ’n vertrouensverhouding het, en die skrilte kontras van die uitbarsting, wegjaag en wens dat sy doodgaan, met die verwagte gasvryheid, lei daartoe dat sy, uitgeput op pad huis toe, “haer selven den viant seer dicwels overghevende” [terwyl sy haar voortdurend aan die duiwel oorgee] (Jonckheere

en Conradie 1992: 62), wel vatbaar word vir die duiwel se toenadering met al die implikasies daarvan. Sy word egter, ironies genoeg, nooit fisiek te na gekom nie. Dis asof sy die identiteit wat die tante op haar geprojekteer het ("Welkom, *duiwel!*") haar eie gemaak het en haarself wil vervloek. Enkele voorwaardes vir geweld kom uit hierdie insident na vore: die magsvoorsprong van die dader, die weerloosheid van die slagoffer, die slagoffer se persepsie van die gebeure en les bes die irrasionaliteit/onverstaanbaarheid en onverwagsheid daarvan – sonder dat daar fisiek iets hoef te gebeur. Die verbale geweld wat die tante aangestig het omdat sy haar die politieke geweld in Gelderland so aangetrek het, woeker egter intussen voort en baar fisieke geweld as sy haarself om die lewe bring.

Die sleutelrol van persepsie blyk ook uit insidente waar die fisieke weldeeglik 'n rol speel. Wanneer heer Ghijsbrecht en Mariken, nou Emmeken, op pad is Keulen toe om vir haar vergifnis te soek by die biskop, gooi Moenen, die duiwel, soms "half eyken ende ander boomen van boven na hemlieden om hem beyden den hals te brekene" [halwe eike en ander bome van bo na hulle om hulle albei se nekke te breek] (Jonckheere en Conradie 1992: 126). Nóg Emmeken, nóg haar oom, met "dat weerde gebenedide heylich sacrament in zijn hant" [die eerbiedwaardige, geseënde heilige sakrament in sy hand] (Jonckheere en Conradie 1992: 126), trek hulle daar enigiets van aan, en dit terwyl die oom by geleentheid al blyke getoon het van groot ontsteltenis en emosionele uitputting. Die persepsie van geweld ontbreek by die potensiele slagoffers; Moenen se poging tot geweld is 'n klaaglike mislukking.

Eligh wys daarop dat wanneer Emmeken Moenen ná die wagenspel verwerp, "valt zijn masker en de hoffelijke minnaar verandert in de onmachtige duivel die zich briesend van woede, in zijn waan bedrogen ziet" (Eligh 1994: 134). Deur sy skielike verlies aan persoonlikheid en terugkeer na die stereotiepe duiwel, word Moenen se 'slaankrag' as bron van geweld aansienlik ingekort – miskien ook die rede waarom sy aanslag op haar lewe so min indruk op haar maak.

Juis met hierdie poging tot fisieke geweld behaal Moenen méér sukses, ofskoon nie wat Emmeken self betref nie. Nadat hy by die wagenspel agtergekom het dat hy haar siel ten ene male verloor het en dat vloek en mooipraat nie meer sal help nie, neem hy haar ten aanskoue van 'n skare mense hoog in die lug op en "werp hijse van boven neder opter straten, haer also meenende den hals te breken" [werp hy haar van bo af op die straat neer met die bedoeling om so haar nek te breek] (Jonckheere en Conradie 1992: 116). Die status van hierdie poging tot geweld as geweld word deur drie uiteenlopende persepsies bepaal. Die omstanders, waaronder heer Ghijsbrecht wat toevallig ook aanwesig was, "verscrickten," verstyf as 't ware van die skrik. Ghijsbrecht, wat toe al jare na Mariken op soek is, raak egter subjektief betrokke. Toe hy agterkom dat die een

wat geval het sy niggietjie is, is die emosionele impak op hom so erg dat dit fisiek in sy liggaam manifesteer: “Helpt! Al dbloet mijns lichaems van boven tot ondre / Vercruypt mi ... / Die tranen schieten mi uut en oghen, / Mijn aderen versterven, mijn couleur wert bleec; / Noyt en ghevoelde ic mi so week” [Help! Al die bloed van my liggaam van bo tot onder sink weg in my ... Die trane skiet uit my oë, my are verstyf, my kleur word bleek; ek het nog nooit so swak gevoel nie] (Jonckheere en Conradie 1992: r. 904-909). En Emmeken? “[...] vrouken leet in onmacht, / Si leyt al van haarself” [die vroujie lê in ’n beswyming; sy is heeltemal buite haarself] (Jonckheere en Conradie 1992: r. 902-903). Emmeken lê bewusteloos, en nêrens word die gehoor enigiets meegeedeel oor háár ervaring van die insident nie, en daarby het sy nie ’n enkele been gebreek nie. Te oordeel aan Emmeken se persepsie, was Moenen se poging tot geweld onsuksesvol. Haar enigste bekommernis, toe sy weer tot haar sinne gekom het, was of sy nog vergifnis by God sou vind: “O Heere, sta ic ooc noch in die gracie van u / Dat ic ter ghenaden soude moghen comen?” [O Here, geniet ek nog u guns, dat ek op genade aanspraak sou kon maak?] (Jonckheere en Conradie 1992: r. 934-935). Kan dit wees dat die dramaturg die duiwel probeer ontmasker deur te suggereer dat hy hom net van ‘laer’ vorme van geweld, te wete fisieke geweld, kan bedien?

Die oordrewe, lagwekkende geweldsinsidente en sy onbeholpe skeltaal is in skrilte kontras met sy sagte benadering tot Mariken by hulle eerste ontmoeting: “Ten eersten salmen die vrouwen soetelijc overgaan” [Vrouens moet ’n mens veral liefderik benader] (Jonckheere en Conradie 1992: r. 169). Eligh wys in ’n aanhaling uit Knuvelde juis op Moenen se “duidelijk persoonlik karakter in tegenstelling [...] tot de redenerende duivel Masscheroen uit het wagenspel, die weinig persoonlijks heeft” (Eligh 1994: 123).

Die omstanders se ontsteltenis, die oom se gebrokenheid, Mariken se onbewustheid: hier sien ons hoe drie persepsies van dieselfde insident – eerder as die daad self – die intensiteit, die ‘geweldstatus’ van die insident vir elkeen bepaal. In dié geval is die persepsies onafhanklik van mekaar: wat vir een geweld is, is nie noodwendig vir ’n ander nie.

6. Reg op geweld?

Hierbo is gestel dat geweld ’n willende, bewustelik bedoelende agens veronderstel en dat gewelddadige gedrag hoofsaaklik as sodanig getipeer kan word wanneer veral menslike handeling geïmpliseer word. Wat *Van den vos Reynaerde*, ’n dierepos, so uitnemend geskik maak om geweld te demonstreer, is die feit dat die outeur “creates a psychological plausibility by enlightening us as to the animals’

motives”; hy doen dit hoofsaaklik deur middel van dialoog en veral die wyse waarop die diere op mekaar se woorde reageer (Wackers 1994: 133). So kom die ‘reg op geweld,’ indien so iets sou bestaan, in verskeie insidente uit *Van den vos Reynaerde* aan die orde.

Die hondjie Cortoys kla by geleentheid by die koning dat Reynaert ’n stuk wors by hom afgevat het (Burm en Van der Merwe 1978: r. 99-106). Dat hy die omvang van die benadeling as aansienlik ervaar, blyk verder daaruit dat dit in die winter gebeur het, toe hy buitendien brandarm was. Dit kontrasteer grootliks met waaraan hy gewoon is: hy kla in Frans en assosieer hom dus met die adel. Die klaarblyklike diskrepansie tussen Cortoys se klagte en werklik ernstige sake wat in die hofkonteks sou pas, toon dat ’n subjektiewe persepsie van geweld nog nie van ’n insident geweld hoef te maak nie. Die simpatie met Cortoys se klagte bereik ’n laagtepunt as dit blyk dat Cortoys eintlik die wors by Tybeert die kater gesteel het, wat dit buitendien self gesteel het. Dit stel die benadeling van die ‘slagoffer’ – en dus werklike omvang van die geweld – in ’n ander lig. Die vraag ontstaan ook wat die rol van die ‘slagoffer’ se skuld is: as hy self die oorsaak van soortgelyke geweld is, of selfs indirek van die betrokke insident self, dan is sy persepsie van persoonlike benadeling nie juis oortuigend nie.

Reynaert se gewelddadigheid word dramaties by koning Nobel se hofsitting geïllustreer wanneer Canticleer met die hennetjie Coppe, wat pas deur Reynaert doodgebyt is, daar aankom; daarbenewens het hy ook elf uit die vyftien van sy kuikens doodgebyt – normaal vir ’n vos, sou ons reken. Dis egter nie sommer haantjies en hennetjies nie, maar ‘seuns’ en ‘dogters’: “Ic hadde jongher zonen achte / Ende jongher dochtren zevens, / Dien wel lusten te levne” [Ek het agt jong seuns en sewe jong dogters gehad wat baie lus was vir die lewe] (Burm en Van der Merwe 1978: r. 328-330). En dis nie sommer ’n gewone vos nie: Reynaert het vir Canticleer oortuig dat hy ’n onskadelike kluisenaar geword het, ’n vegetariër op die koop toe. Coppe kry ’n behoorlike begrafnis, met nagwaak, psalm en grafsteen. En siedaar, deur die antropomorfisme van Canticleer en die syne word ’n vos se natuurlike neigings verhef tot moord – geweld *par excellence*. Die roofdier het ’n moordenaar geword (vgl. Burm en Van der Merwe 1978: r. 437). Geweld word pas geweld wanneer mense dit wil en wanneer dit mense is wat benadeel word. Hoe nader dit aan die eie soort kom, hoe erger is die geweld.

As Bruun die beer deur Reynaert se toedoen kop-en-pote in ’n gesplitste eikeboom vasgeklem staan en die plaaslike bevolking op hom toesak (al het hy bietjie skuld daaraan: sy onbeheerbare drang na heuning), is hy die voorwerp van ’n hele gemeenskap se geweld.⁸ Hulle eien hulle die reg toe op grond van

⁸ Tilly sien “coordination among persons who perform the damaging acts” as ’n belangrike kenmerk van openbare geweld (Tilly 2001: 1620). Die ‘samerwerking tot geweld’ is ook in hierdie insident

gewaande superioriteit: mens teenoor dier, mens teenoor mens. Ludolf met die krom vingers is verreweg die gewelddadigste, word ons vertel, “(w)ant hi was best gheboren/ Sonder lamfroy alleene” [want hy was, met die uitsondering van Lamfroy, van die beste afkoms] (Burm en Van der Merwe 1978: r. 796-799). Dit gebeur alles met die implisiete sanksie en selfs middele van die Kerk, want “(d)ie pape liet den cruus staf / Ghestichte slaen slach in slach” [die pastoor slaan hom onophoudelik met die kruisstaf] (Burm en Van der Merwe 1978: r. 811-812). Die pastoor deel selfs aflaatbriewe uit vir dié wat bereid is om sy vrou uit die water te haal (Burm en Van der Merwe 1978: r. 830-836). Die skrywer ontbloot deur talle middele (onder meer ironie) die valsheid van hierdie ‘reg op geweld,’ en gee selfs aanduidings van mense se motiewe by geweldpleging: hulle wreek eintlik hulle eie minderwaardigheid (liggaamsgebreke, ens.) op dié wat nog swakker of in die verleentheid is. Dat Abelquac en mevrou Bave onderling om ‘n wapen baklei (Burm en Van der Merwe 1978: r. 790-791), is ‘n verdere aanduiding van die morele agterlikheid van die gemeenskap. Uiteindelik gaan dit hier om ‘n ondergrawing van die versweë grondbeginsel van geweld: ‘mag is reg.’ Al die belangrike kenmerke van geweld is aanwesig: die wil tot geweld is by die daders aanwesig, die magsverskil is maksimaal (mense met wapens teenoor ‘n gevange dier⁹), die benadeling is daarop gemik om dood te maak (behalwe die houe met enigiets van ‘n loodwapper tot ‘n kerkvaandel wat op hom neerreën, verloor Bruun nog sy wange en kloue) en as die persepsie nie by die slagoffer aanwesig was nie, het Reynaert dit later terdeë ingevryf en koning Nobel en sy hof dit beaam.

7. Ten slotte

Van die gevalle wat bespreek is, is een van die ernstigste myns insiens die verbale geweld van Mariken se tante teenoor haar toe sy aangeklop het om ‘n klein gunsie. Nie alleen word sy diep getraumatiseer nie, maar die ‘aanval’ verander die res van haar lewensloop ingrypend – en dit sonder ‘n fisieke ingreep. Ook in die geval van Beatrijs is die (potensiële) geweld meer in die vergryp teen haar beginsels as in die fisieke geleë. Eers as Moenen met mooipraat nêrens kom nie, wend hy hom tot fisieke geweld (met ooglopend minder sukses). Fisieke geweld is by Reynaert beperk tot ‘n insident soos waar hy vir Cuwaert die haas die ‘credo’ leer, wat buitendien volgens Slings op ‘n (homo-)seksuele relasie dui,

aanwesig; daar is trouens die suggestie dat dié gemeenskap veral gekoördineerd optree as daar geweld te pleeg is.

⁹ Die Bruun-episode is ‘n voorbeeld van wat Tilly “asymmetrical interaction” noem: waar die slagoffer “no means of retaliation” het nie (Tilly 2001: 1620).

en die vang van ’n hoendertjie van tyd tot tyd (Slings 1999: 17); die skreierendste fisieke geweldpleging laat hy aan ander oor. As hy die erg gewonde en magtelose Bruun treiter (Burm en Van der Merwe 1978: r. 916), word die intensiteit van die geweld verbaal – deur sy bytende sarkasme – tot groot hoogtes gevoer.

Geweld is relatief tot die persepsie daarvan. Waar Moenen vir Mariken uit die lug laat val, is die trauma vir heer Ghijsbrecht oorweldigend; self het sy belangriker dinge om haar oor te bekommer. Die hondjie Cortoys en die haan Cantecleer sien hulleself as groot slagoffers van geweld, maar die intensiteit daarvan is bloot eweredig aan hulle eiewaan. Die blote idee om die liefdespel in die veld op die gras te speel, verteenwoordig vir die hoofse Beatrijs geweld. Wat die Noorse seeslang so gevaarlik maak, is nie die matroos wat hy af en toe verslind nie, maar sy bedreiging van die menslike samelewing, byna soos die Midgardslang in die Noorse mitologie wat die bewoonde aarde in sy greep het.

Die passie waarmee geweld voltrek word, is ’n wesenstrek wat dit met natuurgeweld – storms, oorstromings, aardbewings en so meer – gemeen het. Die aggressie van Mariken se skellende tante, ’n gefrustreerde Moenen wat vloek op vloek uiter, die hewigheid van ’n tweeveg, Eggheric wat sy vrou klap dat die bloed loop en Bruun se aanvallers wat onder mekaar stoei om die besit van ’n wapen, is almal voorbeelde.

Maar geweld is meer bepaald geweld as dit ’n menslike aanskyn het: as die kwade wil van ’n intelligente wese daaragter skuil of mense daardeur benadeel word. Aan Coenen se walvisse word – meestal ten onregte – kwade bedoelings toegeskryf, wat dan as verskoning gebruik word om hulle ernstige geweld aan te doen. En Moenen doen hom van die begin af as ’n mens voor: “Ick hebbe mi selven toeghemaect rechtveerdich / Al waer ick een mensche” (...) [Ek het my presies voorgedoen asof ek ’n mens is] (Jonckheere en Conradie 1992, r.158-159). As die beer Bruun byna sy lewe verloor, is dit veral deur die mense van die dorp. As Ferguut agterkom hy het nie teen ’n mens baklei nie maar teen ’n blote standbeeld, skaam hy hom hartgrondig: geen mens is daardeur benadeel of het dit selfs waargeneem nie. Mag die koning dit tog asseblief nie te hore kom nie!¹⁰

Verwysings

- Allen, R.E., ed. 1992. *The Concise Oxford Dictionary of Current English*. London: BCA.
Bataille, Georges. 1984. *Eroticism*. Trans. Mary Dalwood. London/New York: Marion Boyars.
Burm, O.J.E. en H.J.J.M. van der Merwe, reds. 1978. *Van den vos Reynaerde*. Pretoria: J.L. van Schaik.

¹⁰ “Hine wilde omme gene dinc / Dat het wiste die coninc” (Rombauts et al. 1982: r. 1695-1696).

- Coenen, Adriaen. 1585. *Walvisboek: Dat eerste boeck van menichderlij walvischen ende ander selseme groote wonderlijke visschen*. Ms. 30.021 in biblioteek van Koninklijke Maatschappij voor Dierkunde. Antwerpen.
- Colman, A.M. 2006. *A Dictionary of Psychology*. Oxford: Oxford University Press.
- Corsini, R.J. 1999. *The Dictionary of Psychology*. Philadelphia: Brunner/Mazel.
- Dekker, G., red. en vert. 1964. *Die saga van Grettir die Sterke*. Kaapstad en Pretoria: Human en Rousseau.
- Egmond, Florike en Peter Mason. 2003. *Het Walvisboek: Walwissen en andere zeewezens beschreven door Adriaen Coenen in 1585*. Zutphen: Walburg Pers.
- Eligh, Piet. 1994. "Duivelsfiguren in Mariken van Nieumeghen." *Reds Rooijackers et al.* 123-136.
- Geerts, G. en H. Heestermans. 1984. *Van Dale: Groot woordenboek der Nederlandse taal*. Utrecht/Antwerpen: Van Dale Lexicografie.
- Gordon, E.V. 1968. *An Introduction to Old Norse*. 2nd ed. Oxford: Clarendon Press.
- Huizinga, J. 1963. *Herfsttij der Middeleeuwen*. Haarlem: H.D. Tjeenk Willink & Zoon.
- Janssens, Jozef. 1993. *De middeleeuwen zijn anders: Cultuur en literatuur van de 12^{de} tot de 15^{de} eeuw*. Leuven: Davidsfonds.
- Jonckheere, W.F. en C.J. Conradie, reds. 1992. *Mariken van Nieumeghen*. Pretoria: AUM-Literèr.
- Kooper, Erik, ed. 1994. *Medieval Dutch Literature in its European Context*. Cambridge Studies in Medieval Literature 21. Cambridge: Cambridge University Press.
- Le Roux, J.J., red. 1980. *Karel ende Elegast*. 2^{de} druk. (Versorg deur H. Venter). Pretoria: J.L. van Schaik.
- OED: Sien Allen 1992.
- Rombauts, E., N. de Paepe en M.J.M. de Haan, reds. 1982. *Ferguut*. 's-Gravenhage: M. Nijhoff.
- Rooijackers, G., L. Dresen-Coenders en M. Geerdes, reds. 1994. *Duivelsbeelden: Een cultuurhistorische speurtocht door de Lage Landen*. Baarn: Ambo.
- Schoonees, P.C., red. 1972. *Woordeboek van die Afrikaanse taal [WAT]*. Dl. 3. Pretoria: Die Staatsdrukker.
- Schutte, R. en G.J. de Klerk, reds. 1991. *Beatrijs*. Pretoria: HAUM-Literèr.
- Slings, Hubert, samensteller. 1991. *Reinaert de vos*. Amsterdam: Amsterdam University Press.
- _____. 2005. *Karel en Elegast*. Amsterdam: Amsterdam University Press.
- Tilly, C. 2001. "Violence: Public." *International Encyclopedia of the Social & Behavioral Sciences*. Vol. XXIV. Eds N.J. Smelser & P.B. Baltes. Amsterdam: Elsevier. 16206-16211.
- Van Dale: Sien Geerts en Heestermans 1984.
- Van Oostrom, Frits. 1996. *Maerlants wereld*. Amsterdam: Prometheus.
- Van Wijk, N. 1980. *Franck's etymologisch woordenboek der Nedrlandsche taal*. 2^{de} druk. 's-Gravenhage: M. Nijhoff.
- Verdam, J. 1964. *Middelnederlandsch handwoordenboek*. 's-Gravenhage: M. Nijhoff.
- Wackers, Paul. 1994. "Words and Deeds in the Middle Dutch Reynaert Stories." Ed. Erik Kooper. 131-147.
- WAT: Sien Schoonees 1972.
- Wertheimer, Jürgen (Hrsg.). 1986. *Ästhetik der Gewalt: Ihre Darstellung in Literatur und Kunst*. Frankfurt am Main: Athenäum Verlag.